**Graad 5 Afrikaans Huistaal-vraestel vir September 2026 dek die volgende:**

## Hardoplees

| | |
|---|---|
| **Legende:** | *Die stamhoof en die bitter water* |

## Luister en praat

| | |
|---|---|
| **Storie:** | *Die sleutel wat stories en herinneringe oopsluit* |
| **Dialoog:** | *Foto's en hul stories wat herinneringe oproep* |

## Leesbegrip

| | |
|---|---|
| **Toespraak:** | *Lees, die sleutel wat oopsluit en verryk* |
| **Verslag:** | *Verskillende vorme van besoedeling* |
| **Koerantberig:** | *Storie laat harte klop en kinders na penne gryp* |
| **Dagboek:** | *Elke dag met sy eie storie* |
| **Gedigte:** | *Spunkie* |
| | *Die twee nessies* |
| | *Lui Letta* |
| | *Die ruiter van Skimmelperdpan* |
| | *See in die nag* |

## Taal

| | |
|---|---|
| **Mite:** | *Gehoorsaamheid word met skoonheid beloon* |
| **Biografie:** | *Die meisie met die goue stem* |

## Skryf

Verhalende opstel
Beskrywende opstel
Vriendskaplike brief
Advertensie

## Puntetoekenning

| | |
|---|---|
| Hardoplees, luister en praat: | /30 |
| Leesbegrip: | /25 |
| Taal: | /15 |
| Skryf: | /30 |
| **Totaal:** | **/100** |

**Graad 5** | **Afrikaans Huistaal** | **September 2026**

**Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardoplees**

**Legende:** Die stamhoof en die bitter water

1 Die Khoi-stam in die Kalahari het nooit 'n gebrek aan vars drinkwater gehad nie. Hulle het gereeld met 'n skepding by die borrelende fontein helder drinkwater gaan skep. Ook hul beeste en skape het saans daar water gaan drink. Vir hulle was die fontein lewe.

2 Ongelukkig het die stamhoof in die kloue van gierigheid en selfsug beland. Hy het die stamlede daarop gewys dat niemand toegang tot die water sou hê nie, tensy hulle jaarliks 'n skaap of bees aan die stamhoof sou gee. Dit het daartoe gelei dat die behoeftiges nie meer toegang tot die fontein kon hê nie.

3 Op 'n versengende dag het 'n arm towenares na die fontein gekom. Sy het geen vee gehad om vir die stamhoof te gee in ruil vir water nie. Tóg het sy gehoop die stamhoof sou haar tegemoetkom. Een van die stamhoof se onderdane wat die fonteinwater soos goud opgepas het, het haar belet om water sonder vergoeding te skep. Die hartelose en onmenslike optrede van die stamhoof was vir haar onaanvaarbaar. Die towenares het stadig na die water gestap, haar towerstaffie oor die water gehou en saggies gesê: "Waar daar geen liefde, omgee, vrygewigheid en barmhartigheid is nie, sal daar ook geen drinkbare water wees nie."

4 Die volgende dag het die stamhoof een van sy onderdane gestuur om drinkwater vir hom te gaan haal. Die water was egter bitter en ondrinkbaar. Ná 'n week het die stamhoof vir hom, sy onderdane en al die mense van die Khoi-stam water by die naburige land gaan koop. Vir die eerste keer het hy besef hoe 'n onreg hy aan die mense van die Khoi-stam gedoen het. Hy het bevel gegee dat almal op die markplein moes vergader waar van hierdie water gratis aan hulle oorhandig is. Sy selfsug het plek gemaak vir mededeelsaamheid. Hy het besef dat 'n mens baie ryker is en vrede in jou hart het as jy ander kan help. Nadat die towenares gesien het dat sy die stamhoof van sy selfsug en gierigheid genees het, het sy weer haar hand oor die borrelende fonteinwater gaan hou en die water was weer drinkbaar!

**Hardoplees:** Die stamhoof en die bitter water

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en tempo: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid, beklemtoning en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Storie:** Die sleutel wat stories en herinneringe oopsluit

1 Dis die wintervakansie. Erika en haar suster, Riana, kuier vir die wintervakansie by hul oupa en ouma op die plaas. Waarvoor kan ’n stadsjapie meer vra? Oop vlaktes en berge wat wink in die verte. Grassade wat wieg. Skape wat in die verte blêr. Geen verkeer nie. Net die stilte wat met jou praat.

2 Dis nog vroeg in die oggend. Al langs die gang met sy houtvloere en hoë plafon, stap hulle na die kombuis. Aan die ontbyttafel vra hul ouma hul om die solder reg te pak. Hulle willig dadelik in. Aangesien hul ouma so lief vir opgaar is, het hulle dit meer as ’n skattejag beskou! Dalk kry hul versteekte geld daar. Niks sal hul ouma meer vreugde verskaf as om dit vir hul te gee nie.

3 Met elke tree wat hulle die houttrappe opklim, kreun die trappe onder hulle. Die sonstrale begroet hulle vriendelik deur die klein venstertjie in die solder. Oral het ou koffers, houtkiste en boekrakke met vergeelde boeke gestaan. Alles met ’n dik stoflaag bedek. Op een van die kiste het ’n roesbruin sleutel gelê. Erika tel die sleutel op. Sy onthou hoe haar ouma haar al meegedeel het dat elke sleutel nie net ’n kis of koffer oopsluit nie, maar ook herinneringe. Onaangenames wat jy eerder wil vergeet, maar ook aangenames wat jy altyd sal koester. Sy hoop hierdie sleutel sluit so ’n houtkis of koffer oop.

4 Hulle het elke koffer en elke houtkis met die sleutel probeer oopsluit, maar sonder sukses. Net toe hulle wou opgee, gewaar Erika ’n kis wat toegegooi is met ’n laken. Sy druk die sleutel in die slot en draai dit versigtig. Hulle hou hul asems op. Die volgende oomblik is die houtkis oop! In die kis is ou foto’s, ’n klein sakhorlosie en ’n dagboek met ’n leeromslag. Verder niks anders nie.

5 Op die eerste bladsy van die dagboek staan in hul ouma se handskrif: *Hierdie dagboek skryf ek vir my kinders en kleinkinders. Mag julle vir my en oupa altyd onthou. Ons het julle baie lief. Familie is kosbaar.* Hulle lees egter nie wat sy in haar dagboek aangeteken het nie. “Familie is beslis belangrik vir Ouma,” sê Erika met ’n knop in die keel. Riana kyk na haar suster en knik haar kop.

6 Hulle sit die dagboek neer. Hulle begin deur die foto’s kyk. Oupa is op die een foto waar hy met ’n geweer in die hand by ’n bok wat hy platgetrek het, pryk. Daar is ook foto’s waar hulle as familie om die kampvuur sit en hulle kinders in die plaasdam swem. Foto’s wat aangename herinneringe oproep. Terwyl Riana met ’n foto in haar hand sit waar hul oupa al huilende oor ’n brandmaer skaap buk, klink hul ouma se stem onverwags op. “Dit was met die droogte van 1933. Daardie is een van die vele skape wat ons gedurende die droogte verloor het. Sy diere is vir Oupa soos sy eie kinders. Elke foto vertel sy eie storie. Sommige met aangename en ander met onaangename herinneringe.”

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Tot watter atmosfeer dra die beskrywing van die *natuur* in paragraaf 1 by?** | /1 |
| **2** | **Noem slegs EEN emosie wat die twee dogters in paragraaf 2 ervaar het.** | /1 |
| **3** | **Watter afleiding kan jy uit paragraaf 2 maak oor hul ouma se *verhouding* met hulle?** | /1 |
| **4** | **Waarom sou jy sê dat die chronologie van die verhaal in paragraaf 3 verbreek word?** | /1 |
| **5** | **Watter teenstelling tref ons in paragraaf 3 aan?** | /1 |
| **6** | **Waar bereik die verhaal sy klimaks? Motiveer.** | /1 |
| **7** | **Waarom sou jy sê dat die twee dogters reg opgetree het deur nie hul ouma se dagboek te lees nie?** | /1 |
| **8** | **Wat is die kerngedagte van paragraaf 5?** | /1 |
| **9** | **Hoe weet ons dat Oupa sy diere baie lief gehad het?** | /1 |
| **10** | **Bespreek die ruimte waar paragrawe 3–6 van die verhaal hom afspeel.** | /1 |
| **11** | **Hoe pas die titel by die inhoud van paragraaf 6?** | /1 |
| **12** | **Waarom kan hul oupa as 'n plat karakter gesien word?** | /1 |
| **13** | **Noem slegs EEN karaktereienskap waaroor Erika en Riana beskik.** | /1 |
| **14** | **Waarom sou jy sê dat die skat wat hulle gevind het, veel meer werd was as die geld waarop hulle gehoop het om daar te kry?** | /1 |
| **15** | **Reken jy die inhoud van hierdie luisterteks is geloofwaardig? Verskaf die rede vir jou antwoord.** | /1 |
| | **Totaal: 15** | **/15** |

**Dialoog:** Foto's en hul stories roep herinneringe by Ouma en kleinkind op

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat, pousering en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Dialoog, inhoud, boeiend en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Aanbieding, gesigsuitdrukkinge en oogkontak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**GROOT TOTAAL: 30÷2=15** **/15**

**Vraestel 2** | **Afdeling A** | **Leesbegrip**

**1 Toespraak:** Lees, die sleutel wat oopsluit en verryk

1 As ons nie kan lees nie, kan ons nie verder gaan studeer nie, kan ons nie kennis opdoen van die geskiedenis oor ons taal, kultuur en herkoms nie, kan ons nie storieboeke lees wat ons verbeelding prikkel nie en kan ons nie vaardighede aanleer wat ons kan toepas nie.

2 Die waarde van lees kan nooit genoeg oorbeklemtoon word nie. Lees is die sleutel wat deure na kennis en vaardighede oopsluit. Kennis kan opgedoen word wat ons loopbaan kan bepaal. Streef jou droom na en bewaarheid dit! Moenie dat ongeletterdheid in die pad van jou en jou drome staan nie.

3 Dis juis in boeke waar ons meer van ons taal en kultuur leer. Hier leer ons ook die geskiedenis van ’n volk wat nooit verander of ongedaan gemaak kan word nie. Dis juis hierdie geskiedenis wat ons trots maak op ons taal en kultuur. ’n Taal en kultuur wat van geslag tot geslag oorgedra word.

4 By die lees van avontuurverhale, rillers en dramas kan ons verbeelding ons na onderskeie plekke neem. Ons kan saam met die karakters sprokiesmooi plekke besoek of rampspoedige gebeure beleef. Ons kan deel hê aan die onderskeie karakters se vreugde en hartseer. Ons kan saam met hulle uitdagings aanpak en die oorwinning behaal. Hul emosies en optredes leer ons hulle beter verstaan. So mag die onaanvaarbare optredes van sommige karakters ons leer om altyd die aanvaarbare en eerbare ding te doen. By karakters wat vir ander omgee, leer die leser die waarde van omgee en om iemand se behoeftes bo jou eie te stel. Ook leer die leser om iemand anders se gevoelens in ag te neem en om ander beter te verstaan.

5 Ek kan my nie voorstel hoe ’n koppie boeretroos in die oggend sonder Ouma se heerlike anysbeskuit sou wees nie. Net om aan Ma se pampoenkoekies te dink, laat my mond klaar water. Ouma volg die resep van die anysbeskuit en Ma die resep van haar pampoenkoekies soos ’n bestuurder die padkaart of GPS sou volg. Vir my ouma en ma is die eindproduk soos die eindbestemming vir enige bestuurder. Om te kan lees, sluit deure oop!

**1.1 Wat beteken: “Lees is die sleutel wat die deur na kennis oopsluit”?** (1)

**1.2 Verskaf slegs EEN rede waarom dit belangrik is om meer van jou geskiedenis, herkoms, taal en kultuur te leer.** (1)

**1.3 Noem in slegs EEN opsig hoe stories in storieboeke ons verbeelding kan prikkel.** (1)

**1.4 In watter opsig kan storieboeke ons lewens verryk?** (1)

**1.5 Hoe ondersteun die inhoud die opskrif? Verduidelik.** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**2** **Die verslag:** Die verskillende soorte besoedeling

**Saamgestel deur:** Die redaksie van *Groen lewe* 10 Augustus 2026

**Inleiding**
'n Bespreking van die oorsake en gevolge van besoedeling

**Oorsake van besoedeling**

- Voertuie se uitlaatstelsels besoedel die lug.
- Fabrieke laat rook en skadelike gasse in die lug vry.
- Mense brand hout, paraffien en steenkool vir huishoudelike gebruik en om warm te kry, wat lugbesoedeling veroorsaak.
- Rommel wat in die water beland, het waterbesoedeling tot gevolg.
- Grondbesoedeling word veroorsaak deur giftige stowwe, insektedoders, plaagdoders en kunsmis.

**Gevolge van besoedeling**

- Lugbesoedeling veroorsaak asemhalings- en ander gesondheidsprobleme.
- Besoedelde water kan siektes en sterftes veroorsaak.
- Die omgewing word deur besoedelde water beskadig.
- Grondbesoedeling verminder die grondvrugbaarheid en beïnvloed die voedselproduksie.

**Aanbeveling**

- Ry slegs indien noodsaaklik.
- Werk van die huis om sodoende minder te ry.
- Fabrieke moet ander energiebronne as steenkool gebruik, soos om sonpanele te installeer of windturbines te gebruik.
- Indien moontlik, moet mense sonkrag of elektrisiteit gebruik, in plaas van hout, paraffien en steenkool.
- Moenie rommel strooi nie.
- Gebruik insekdoders en kunsmis verantwoordelik.
- Bevorder omgewingsbewustheid en plant bome aan.

**2.1** **In watter opsig kan motoriste lugbesoedeling *beperk*?** (1)

**2.2** **Noem EEN voordeel wat dit inhou as fabrieke lugbesoedeling sal verminder.** (1)

**2.3** **Waarom kan die gebruik van hout, paraffien en steenkool *skadelik* wees vir mense se gesondheid en die omgewing?** (1)

**2.4** **Hoe kan rommelstrooiing voorkom word?** (1)

**2.5** **In watter opsig kan die *aanplant van bome* die natuur beskerm en lugbesoedeling verminder?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

3 **Koerantberig:** Storie laat harte klop en kinders na penne gryp

**Riaan du Preez** *Eikestadnuus, 6 Oktober 2026*

1 STELLENBOSCH – Die Toyota Stellenbosch Woordfees bring mense van alle tale en kulture bymekaar. Tydens hierdie fees word onder andere boeke voorgelees, kunswerke uitgestal en teaterstukke opgevoer. ’n Liefde vir jou eie taal en kultuur word gekweek. Nuwe vriende word gemaak en jy leer om mekaar se taal en kultuur te respekteer.

2 Dis juis hier waar ’n seun van Durbanville die gehoor aan sy voete gehad het. Willem Pretorius, ’n graad 5-leerder van Durbanville Primêre Skool, het tydens die Toyota Stellenbosch Woordfees dele van die boek wat uit sy eie pen gevloei het, voorgelees en meer omtrent die boek vertel. Sy verhaal, ***Die uiltjie wat nie kon vlieg nie***, het gehandel oor ’n klein uiltjie wat nooit moed opgegee het nie. Dit het veral byval by die feesgangers gevind, aangesien hy die storie met die lewe van die hedendaagse kind vervleg het. Hoewel daar baie uitdagings en teleurstellings in ’n kind se lewe is, moet hy nooit moed verloor nie. Dis juis hierdie teleurstellings wat vir die kind as aanmoediging moet dien om nooit tou op te gooi nie en harder te probeer om volgende keer sukses te behaal.

3 Ná sy gevoelvolle voorlesing en passievolle vertelling, het Riana Landman, ’n bekende skrywer van Afrikaanse kinderboeke, na hom gegaan en hom meegedeel dat hy ’n besondere talent het. “Jy beskik oor die talent om die hedendaagse lewe by ’n aangrypende storie in te sleep. Nie slegs is die inhoud van jou boek lewensgetrou nie, maar jou meevoerende voorlesing en vertelling sal enige gehoor aan jou lippe laat hang. Hou aan om jou drome na te streef en op papier vas te lê.”

4 Die voorlesing en vertelling van sy boek het nie slegs die mense gaande gehad nie, maar menige kinders het hul voorgeneem om ook hul verbeelding die vrye teuels te gee en te begin skryf. Dit het bewys dat ’n eenvoudige verhaal mense se harte kan aanraak en nuwe drome kan laat begin.

**3.1 Waarom word die pleknaam “STELLENBOSCH” bo-aan die berig geplaas?** (1)

**3.2 In watter opsig het die *vertelling* en *voorlesing* van Willem se boek bygedra tot die geloofwaardigheid van sy boek?** (1)

**3.3 Watter *positiewe* invloed het die voorlesing en vertelling van Willem se boek op ander kinders gehad?** (1)

**3.4 Hoe hou die opskrif en die inhoud van paragrawe 2–4 van die nuusberig verband met mekaar?** (1)

**2.5 Waarom is die bostaande koerantberig nuuswaardig?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

4 **Dagboek:** Elke dag met sy eie storie

***Maandag, 4 September 2026***

Met ’n kortbroek en ’n kortmouhemp, het ek op my fiets van huis tot huis gery. Gewoonlik plaas ek net die koerant in die onderskeie posbusse, maar tannie Doreen verkies dat ek altyd haar koerant by haar voordeur moet aflewer. Gewoonlik kom groet haar worshond al stertswaaiend vir my. Maar nie vanoggend nie. Tannie Doreen het my nie soos gewoonlik met ’n breë glimlag by die voordeur ingewag nie. Die tuinhulp het my meegedeel dat sy siek is en dat haar worshond haar nie een oomblik alleen laat nie.

***Woensdag, 13 September 2026***

Terwyl ek vanoggend met my fiets by die verkeerslig gestaan het, het ’n bedelaar, met ’n blikkie in die een hand, my vriendelik gegroet. Iemand wat beslis weet wat dit is om swaar te kry en honger te ly. Ek sal nooit die dankbaarheid in sy oë vergeet nadat ek vir hom die toebroodjies wat my ma vir my ingepak het, gegee het nie. Vir hom is dit soos ’n Sondagmaaltyd. Vir die eerste keer besef ek dat dit meer genot verskaf om te gee as om te ontvang. Ek het soveel om voor dankbaar te wees.

***Vrydag, 22 September 2026***

Om te dink dis vandag Vrydag! Dis genoeg om enige kind opgewonde te maak. Met die wind wat deur my hare waai, het ek op my fiets gery en die dag se nuus van huis tot huis versprei. Kompleet of ek huisbesoek aflê.

Die volgende oomblik word my opgewondenheid ingesluk. Tannie Doreen het my nie soos gewoonlik met ’n glimlag by die voordeur ingewag nie. Nee, sy het slegs met haar dooie worshondjie in haar arms gestaan, terwyl die trane vrylik oor haar wange rol. So tussen haar snikke deur, het sy vir my gesê: “Worsie was vir my soos ’n kind. My kind met sy eie karakter en maniertjies.” Ek het my voorgeneem om eers by tannie Doreen te bly. Sy het nou al die troos en ondersteuning nodig gehad. Ek sal later aan die skoolhoof verduidelik waarom ek nie betyds vir skool kon wees nie.

**4.1 Waarom sou jy sê dat tannie Doreen se worshond getrou was aan haar en haar baie lief gehad het?** (1)

**4.2 Watter <u>morele les</u> het die seun wat die dagboekinskrywings gedoen het, op 13 September geleer? Noem slegs EEN.** (1)

**4.3 Watter <u>emosie</u> het tannie Doreen by die dagboekinskrywing van 22 September ervaar?** (1)

**4.4 Noem slegs EEN <u>karaktereienskap</u> van hierdie seun.** (1)

**4.5 Verskaf slegs EEN *<u>rede</u>* waarom jy sou sê dat die bostaande leesteks ’n voorbeeld van ’n <u>dagboek</u> is.** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**5 Gedigte**

**5.1 Verskaf die rede waarom die onderstreepte gedeelte in versreëls 3 & 4 in die onderstaande strofe uit "Spunkie" teen 'n *vinnige* tempo gelees word.**

"Hy jakker en hy gaan tekere,
'n mens sou dink hy kan nie meer,
maar as jy weer kyk, sit hy af
deur die gang op 'n stywe draf!"

*Winnie Malan*

**5.2 Waarom maak die digter in versreël 2 van die onderstaande strofe uit "Die twee nessies" van alliterasie gebruik?**

"Liewe ou voëltjie, kom tog na my,
die wind waai daar buite so koud.
As jy maar net by my wil kom bly,
gee ek jou 'n koutjie van goud."

*Henriëtte Pienaar*

**5.3 Waarom sou jy sê dat ons in versreël 4 van die onderstaande strofe uit "Lui Letta" van figuurlike taal gebruik maak?**

"Letta was te lui vir werk,
te lui om iets te doen,
so lui en vet het sy geword –
so dik soos 'n pampoen!"

*Helena J.F. Lochner*

**5.4 Watter gevoel kry jy wanneer jy die onderstaande strofe uit "Die ruiter van Skimmelperdpan" lees? Gee 'n rede vir jou antwoord.**

"Op die pad wat verdwyn in die Skimmelperdpan,
by 'n draai in die mond van die kloof,
het 'n bom in die oorlog 'n vlugtende man
op 'n perd soos 'n swaardslag onthoof."

Uit: *Versamelde gedigte*

**5.5 Van watter stylfigure maak ons in versreël 4 van die onderstaande strofe uit "See in die nag" gebruik om die aanhoudende breek van die branders aan te dui?**

"Dan lê hy stil, asof hy nie meer
die wykende aarde begeer;
spring skielik weer op, ruk daarna
die nag in, kap en kla, kap en kla."

Uit: *Engel uit die klip*

**Totaal: 5** **/5**

**GROOT TOTAAL: 25** **/25**

**<u>Vraestel 2</u>** **<u>Afdeling B</u>** **<u>Taal</u>**

**1 Mite:** <u>Gehoorsaamheid word met skoonheid beloon</u>

Baie jare gelede was daar 'n <u>klein</u> dorpie wat aan 'n vallei vol goue sonneblomme gegrens het. Nie een van die inwoners kon verklaar waarom die sonneblomme hul koppe in die rigting van die son <u>draai</u> nie. Slegs die Songodin en die blomme het geweet. <u>Die Songodin het vir Suna die opdrag gegee om vir die ander blomme te sê dat hulle ***elke dag*** hul koppe in die rigting van die son moes draai</u>. Dan sou hulle nooit verlep nie. Deur <u>gehoorsaam</u> te wees aan die Songodin, is hulle met skoonheid beloon. <u>Hulle het die vrugte van hul gehoorsaamheid gepluk</u>.

**1.1 Gee die <u>intensiewe vorm</u> vir die onderstreepte woord in reël 1.** (1)
**1.2 Vorm 'n <u>afgeleide werkwoord</u> van die onderstreepte woord in reël 3.** (1)
**1.3 Skryf die onderstreepte sin in reëls 4–6 neer, maar vervang die skuins- en vetgedrukte *<u>bywoordelike sinsnede</u>* met 'n <u>bywoord</u>.** (1)
**1.4 Gee die <u>trappe van vergelyking</u> vir die onderstreepte woord in reël 7.** (1)
**1.5 Skryf die <u>persoonlike voornaamwoord</u> in reël 7 neer.** (1)
**1.6 Gee die betekenis vir die onderstreepte <u>idioom</u> in reël 8.** (1)

**2 Biografie:** <u>Die meisie met die goue stem</u>

1 Annette Naudé is in 1985 in Nelspruit gebore. Na skool moes sy die volwasse lewe <u>dadelik</u> betree. Sy kon die sorgelose studentelewe nie geniet nie, aangesien haar ouers dit nie breed gehad het nie. "<u>Jy kan ongelukkig nie gaan studeer nie," het haar pa vir haar gesê</u>. <u>Op skool het die musiekonderwyseres haar talent raakgesien</u>. Sy het 'n suiwer <u>stem</u> gehad. Reeds van haar kinderdae het sy die gehoor aan haar voete gehad. Sy sal nooit vergeet hoe opgewonde sy was toe sy die eerste dag met <u>mikrofoon</u> in die hand soos 'n gesoute sangeres gesing het nie. <u>Die gehoor het behoorlik aan haar lippe gehang</u>. Dis dan juis haar stem wat aan haar 'n toekoms besorg het. <u>Dis haar sleutel tot sukses</u>.

**2.1 Gee die <u>sinoniem</u> vir die onderstreepte woord in reël 2.** (1)
**2.2 Skryf die <u>saamgestelde woord</u> in reël 2 neer.** (1)
**2.3 Skryf die onderstreepte sin in reëls 3 & 4 oor in die <u>indirekte rede</u>.** (1)
**2.4 Skryf die onderstreepte sin in reël 5 oor in die <u>teenwoordige tyd</u>.** (1)
**2.5 Gee die <u>verkleinwoord</u> vir die onderstreepte woord in reël 6.** (1)
**2.6 Skryf die <u>sterk verlede deelwoord</u> in reël 7 neer.** (1)
**2.7 Skryf die <u>onderwerp</u> in die onderstreepte sin in reël 9 neer.** (1)
**2.8 Skryf die onderstreepte sin in reëls 10–11 oor in die <u>toekomende tyd</u>.** (1)
**2.9 Skryf die onderstreepte sin in reëls 10–11 oor as 'n <u>vraagsin</u>.** (1)

**Totaal: 15** **/15**

**<u>Vraestel 3</u>** **<u>Skryf</u>**

**Skryf 'n <u>verhalende opstel</u> van 120–140 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Die onverwagte besoeker / Die verrassing! / My vreemde droom / Alleen op die eiland

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Gebeure, chronologie en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karaktereienskappe, emosies en stemming: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n <u>beskrywende opstel</u> van 120–140 woorde oor EEN van die volgende.**

Reën / Die nuwe intrekkers / Op die solder / Die kis met stories / Om die kampvuur

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywende woorde, beeldspraak en idiome: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Skryfstyl, stemming en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf 'n <u>vriendskaplike brief</u> van 80–100 woorde oor EEN van die volgende.**

Vertel jou maat van 'n snaakse voorval / Vertel jou ouers van jou naweekkamp

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Gebeure, chronologie en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, woordeskat en formaat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**<u>Adverteer</u> EEN van die onderstaande in 80–100 woorde.**

'n Fees / 'n Troeteldierhotel / 'n Kampeerterrein en staproetes / 'n Vakansieplaas

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Manipulerende taalgebruik en kreatiwiteit: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**

**GROOT TOTAAL: 30 /30**

**Memorandum** **Luister en praat** **September 2026**

1 Dit dra tot ’n rustige / vreedsame ***atmosfeer*** by.

2 Die emosie van nuuskierigheid. / Die emosie van opgewondenheid. / Die emosie van hoop. **(slegs EEN)**

3 Hul ouma is lief vir hulle. /
Dit verskaf haar vreugde om vir hulle geld te gee en te sien hoe dankbaar hulle daaroor is. /
Sy is vrygewig as dit by haar kleinkinders kom. **(slegs EEN)**

4 Nadat hulle met die houttrappe ***opgeklim het***, (in die verlede) ***sien*** hulle (in die hede) kiste en koffers wat met stof ***bedek is***. (in die hede) Erika ***tel*** die sleutel ***op***. (in die hede) Sy ***onthou*** (in die hede) hoe haar ouma haar ***meegedeel het*** (in die verlede) dat elke kis en koffer herinneringe ***inhou***. (in die hede) Sy ***hoop*** (in die hede) dat hierdie sleutel so ’n kis ***sal oopsluit*** (in die toekoms) en dat hulle sulke herinneringe daarin ***sal vind***. (in die toekoms)

5 Hier word melding gemaak van onaangename herinneringe wat jy eerder sal wil vergeet en aangename herinneringe wat jy altyd sal koester. (onthou)

6 Klimaks
Hulle hou hul asems op.

Motivering
Die leser se nuuskierigheid word geprikkel, aangesien hy wil weet of die sleutel wél die kis gaan oopsluit.

**Of**

Klimaks
Die sleutel draai en sluit die houtkis oop.

Motivering
Die leser wil graag weet wat in die kis is.

7 Aangesien ’n dagboek persoonlik en privaat is.

8 Familie is kosbaar. / Ouma het haar kinders en kleinkinders baie lief. / Familie is belangrik. **(slegs EEN)**

9 Oupa het al huilend oor die skaap gebuk. /
Sy diere was vir Oupa soos sy eie kinders. **(slegs EEN)**

10 Dit speel in die solder af.

11 Hierdie sleutel het foto’s wat elk sy eie storie vertel, oopgesluit. Sommige stories met aangename en ander met onaangename herinneringe.

12 Aangesien daar slegs van hom melding gemaak word.

13 Nuuskierigheid / Volharding / Vasberadenheid / Respek / Gehoorsaamheid / Bereidwilligheid **(slegs EEN)**

14 Geld kan nie herinneringe koop nie.

15 Ja. Enige *realistiese* antwoord wat met die inhoud van die luisterteks verband hou.

**Vraestel 2** **Afdeling A** **Leesbegrip**

**1 Toespraak:** Lees, die sleutel wat oopsluit en verryk

1.1 'n Mens kan slegs kennis ***opdoen*** as jy kan lees.
**(enige ander aanvaarbare antwoord wat daarop dui dat dit noodsaaklik is om te kan lees, alvorens jy boekekennis kan opdoen)**

1.2 Ons kweek 'n trots vir ons ***taal***, ***kultuur*** en ***geskiedenis***. /
Dit help ons om ons identiteit en erfenis te waardeer. /
Ons kan ons taal en kultuur oordra na die volgende geslag. Sodoende kan ons sorg dat ons taal en kultuur nie uitsterf nie.
**(enige ander aanvaarbare motivering)**

1.3 Ons kan plekke en karakters in ons ***verbeelding*** voorstel. /
Ons kan in ons ***verbeelding*** sien hoe verskillende karakters in verskillende omstandighede sou optree en hulle op verskillende plekke bevind. /
Ons kan saam met ***karakters*** uitdagings aanpak en oorwinnings behaal.

1.4 Ons kan uit die optredes van ***karakters*** waardevolle lewenslesse ***leer*** wat ons weer in ons lewens kan ***toepas***.

1.5 Lees is belangrik, omdat dit jou help om kennis op te doen, meer oor jou geskiedenis, herkoms, taal en kultuur te leer, jou verbeelding prikkel en om nuwe vaardighede aan te leer.

**2 Die verslag:** Die verskillende soorte besoedeling

2.1 Ry slegs indien noodsaaklik. / Werk van die huis af. **(slegs EEN)**

2.2 Minder siektes, sterftes en asemhalingsprobleme sal voorkom. / Die lug sal skoner wees. / Die lug sal ***nie*** so besoedel wees ***nie***. **(slegs EEN)**

2.3 Dit stel rook en ***skadelike*** gasse vry wat die lug besoedel. / Dit kan veroorsaak dat mense moeilik asemhaal. / Dit kan die omgewing beskadig.
**(slegs EEN)**

2.4 Deur rommel in asblikke te gooi. / Deur afval te herwin en nie in die water te gooi nie. / Deur rommel ***nie*** oral te gooi ***nie***. / Deur skoonmaakprojekte te ***loods*** en te ***ondersteun***.

2.5 Bome gee suurstof af en maak die lug sodoende skoner. / Die suurstof wat deur bome afgegee word, ***verminder*** lugbesoedeling.

**3 Koerantberig:** Storie laat harte klop en kinders na penne gryp

3.1 Dit dui aan ***waar*** die gebeurtenis plaasvind.

3.2 Die ***gevoelvolle*** voorlesing en ***passievolle*** manier van vertelling oortuig die gehoor dat die hedendaagse kind met uitdagings en teleurstellings te kampe het wat hy of sy moet oorbrug. Maar deur moed te hou, kan dit oorbrug word.

3.3 Dit inspireer ander kinders om te skryf en kreatief te dink. / Dit inspireer ander kinders om aan kompetisies deel te neem.

3.4 Die inhoud van paragrawe 2–4 is ’n breedvoerige beskrywing van die beknopte opskrif.

3.5 Dit is op feite geskoei. / Die gebeure het plaasgevind en is lewensgetrou. / Die twaalfjarige seun het wel tydens die Toyota Stellenbosch Woordfees aan ’n kompetisie deelgeneem. **(enige ander aanvaarbare antwoord)**

**4 Dagboek:** Elke dag met sy eie storie

4.1 Hy wou haar nie alleen los toe sy siek was nie. /
Hy wou net naby haar wees, aangesien sy siek was.
**(enige ander aanvaarbare antwoord wat met die liefde en trou van ’n hond verband hou.)**

4.2 Dit verskaf meer genot om te gee as om te ontvang. /
Dat hy baie het om voor dankbaar te wees. **(slegs EEN)**

4.3 Die emosie van hartseer / droefheid.

4.4 Hy was vrygewig. / Hy het medelye met ander gehad. /
Hy het getroos waar hy kon. **(slegs EEN)**

4.5 Die gebeure vind in die verlede tyd plaas. /
Die datum wanneer die gebeure plaasvind, word aangedui. /
Die eerstepersoonsverteller tree hier op. /
Die samevatting van die dag se gebeure word gegee. /
Die gebeure van verskillende dae word in ***hierdie dagboek*** aangedui. /
Die gebeure van elke dag volg mekaar chronologies op.
Die gebeure van slegs EEN dag word onder elke datum van inskrywing aangedui.
Die emosies wat die karakters ondervind, word deur gebeure bepaal.
**(slegs EEN)**

## 5 Gedigte

5.1 Spunkie

Om ons daarop te wys dat Spunkie vinnig met die gang afgehardloop het.

5.2 Die twee nessies

Dit beklemtoon die beweging van die wind. / Dit wys ons daarop dat die wind waai. /
Dit laat die leser as't ware die wind hoor. / Dit skep 'n koue, ***winderige*** atmosfeer.

5.3 Lui Letta

Hier word van figuurlike taal gebruik gemaak, aangesien Lui Letta nie regtig 'n pampoen is nie. Slegs haar voorkoms / dikheid word met 'n pampoen vergelyk.

5.4 Die ruiter van Skimmelperdpan

Die gevoel van vrees / skrikwekkendheid / bangheid.
Die woorde "**oorlog**", "**bom**" en "**onthoof**" sê vir my dat iets gevaarliks en gewelddadigs gebeur.

5.5 See in die nag

Ons maak van woordherhaling en klanknabootsing gebruik.

**Vraestel 2** | **Afdeling B** | **Taal**

**1 Mite:** Gehoorsaamheid word met skoonheid beloon.

1.1 Baie jare gelede was daar 'n piepklein dorpie wat aan 'n vallei gegrens het.

1.2

| Werkwoord | Afgeleide werkwoord |
|---|---|
| Draai | verdraai / omdraai / opdraai / afdraai |

1.3 Die Songodin het vir Suna die opdrag gegee om vir die ander blomme te sê dat hulle daagliks hul koppe in die rigting van die son moes draai.

1.4

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| Gehoorsaam | gehoorsamer | gehoorsaamste |

1.5 Deur gehoorsaam te wees, is hulle met skoonheid beloon.

1.6 Hulle het die beloning van hul gehoorsaamheid ontvang. /
Hulle is vir hul gehoorsaamheid beloon. /
Hulle is beloon, aangesien hulle gehoorsaam was.

**2 Biografie:** Die meisie met die goue stem

2.1 Na skool moes sy die volwasse lewe onmiddellik betree.
2.2 Sy kon die sorgelose studentejare nie geniet nie.
2.3 Haar pa het vir haar gesê dat sy ongelukkig nie kan gaan studeer nie.
2.4 Op skool sien die musiekonderwyseres haar talent raak.
2.5 Sy het 'n suiwer stemmetjie gehad.
2.6 Sy was opgewonde.
2.7 Die gehoor het behoorlik aan haar lippe gehang.
2.8 Dit sal haar sleutel tot sukses wees.
2.9 Is dit haar sleutel tot sukses?

**Naslaanbronne** **September 2026**

**Legende:** Die stamhoof en die bitter water
*Eugene van der Westhuizen*

**Storie:** Die sleutel wat stories en herinneringe oopsluit
*Eugene van der Westhuizen*

**Toespraak:** Lees, die sleutel wat oopsluit en verryk
*Eugene van der Westhuizen*

**Verslag:** Verskillende soorte besoedeling
*Eugene van der Westhuizen*

**Koerantberig:** Storie laat harte klop en kinders na penne gryp
*Riaan du Preez*

**Dagboek:** Elke dag met sy eie storie
*Eugene van der Westhuizen*

**Gedigte**

***Spunkie*** — *Winnie Malan*
*Klein Verseboek* — *Tafelberg-Uitgewers Bpk. 1959*
Saamgestel deur: *D.J. Opperman*

***Die twee nessies*** — *Henriëtte Pienaar*
*Klein Verseboek* — *Tafelberg-Uitgewers Bpk. 1959*
Saamgestel deur: *D.J. Opperman*

***Lui Letta*** — *Helena J.F. Lochner*
*Klein Verseboek* — *Tafelberg-Uitgewers Bpk. 1959*
Saamgestel deur: *D.J. Opperman*

***Die ruiter van Skimmelperdpan***
Uit: *Versamelde gedigte* — *Tafelberg, 1981*
*Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees* — *Best Books, 2009*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*

***See in die nag***
Uit: *Engel uit die klip* — *Nasionale Boekhandel, 1951*
*Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees* — *Best Books, 2009*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*

**Mite:** Gehoorsaamheid word met skoonheid beloon

*Eugene van der Westhuizen*

**Biografie:** Die meisie met die goue stem
*Eugene van der Westhuizen*